

3 Mei Oggenddiens - Uit die diepte/donkerte/alleenheid kom God se omgee

Skriflesing : Jona 2:1-10

Votum - Gedig van Koos van der Merwe

So sal ek kom
met my stukkie lof, met my bietjie bid,
met my sinne van stof, wil ek voor U kom sit,
met vandag se leef, en more se dood,
met my reguit en skeef, met my honger en brood,
so sal ek kom, as ek kom om te juig,
dankbaar en dom, sal ek nederig kom buig.

Seengroet Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die werking van die Heilige Gees

Lied 516

Al sou die vyeboom nie bot nie

Al sou die vyeboom nie bot nie en daar geen druiwe aan die wingerde wees nie, al sou die olyfoes misluk en die lande geen oes lewer nie, al sou daar geen kleinvee in die kampe meer wees nie en die beeskrale sonder beeste wees, nogtans sal ek in die Here jubel, sal ek juig in God, my Redder. Die Here my God gee vir my krag. Hy maak my voete soos dié van 'n ribbok, op hoë plekke laat Hy my veilig loop.

Boodskap

So hierdie week wat verby is verloop het, is daar verkeie kere gevra - wat gaan jy eerste doen as die lockdown verby is? Alhoewel ons nie regtig uit die lockdown is nie, het sommige die volgende antwoorde gegee:

- Sommige sal graag wil gaan draf of stap buite
- Ander wil iets gaan koop by 'n winkel wat moontlik oop sal wees
- En ander sal net graag by familie wil gaan kuier en iemand 'n drukkies gee

Wat jou antwoord sou wees, was dit vir my mooi dat baie die meer eenvoudige dinge in die lewe sou wou geniet.

En dit bring my by vanoggend se verhaal. Die verhaal van 'n man wat ook vasgevang was, wat nie kon uitkom nie, en wat moes sit en dink en sekere besluite heroorweeg. Die verhaal van arme Jona in die vis. Ons almal weet hoe hy daar beland het, en hoe lank hy daar binne was. Hy het ook nie regtig geweet hoe lank hy daar binne gaan wees nie, asook hoe die wêreld sou lyk as hy daar uitkom nie. Wat hy wel geweet het is dat dinge, sy lewe moes en sou anders wees.

Die gebed waarna ons gaan kyk vanoggend is die gebed van Jona. Ons ontmoet vir Jona waar hy in die vis se maag sit. Jona kon dalk daar gesit het, en begin ander beskuldig. Dat dit nie sy skuld is dat hy daar sit nie, dat die wat gesondig het eintlik daar moet sit, en nou word hy gestraf. Maar die punt is Jona het ook gesondig, hy was ook verkeerd, en God gee hom 'n geleentheid om stil te word, te dink en dan te bid.

Jona moet hier leer dat God het 'n wyers uitkyk tot die wêreld, en dat God selfs die wat ons as vyande beskou, kan genadig wees. Jona is nie dood nie, hy leef, en dan begin hy bid.

Skriflesing - Jona 2:1-10 (Die 1953 Vertaling)

(U is welkom om die 1983 vertaling te lees, ek het dit net goed gedink om 'n ander weergawe hier te sit)

En Jona het tot die Here sy God gebid uit die ingewande van die vis en gesê: Uit my benoudheid het ek die Here aangeroep, en Hy het my verhoor; uit die binneste van die doderyk het ek geroep om hulp — U het my stem gehoor.

U tog het my in die diepte gewerp, in die hart van die see, sodat 'n stroom my omring het; al u bare en u golwe het oor my heengegaan.

Toe het ek gesê: Ek is weggestoot, weg van u oë; tog sal ek weer U heilige tempel aanskou.

Waters het my omring tot aan die siel toe, die vloed was rondom my; seegras was om my hoof gedraai.

Ek het afgedaal tot by die grondslae van die berge, die grendels van die aarde het my vir altyd ingesluit; maar U het my lewe uit die kuil opgetrek, Here my God!

Toe my siel in my versmag het, het ek aan die Here gedink; en my gebed het tot by U gekom in u heilige tempel.

Die wat nietige afgode vereer, verlaat die Een wat vir hulle goedertieren is.

Ek daarenteen sal aan U offer met 'n stem van lof; wat ek beloof het, sal ek betaal. Die heil behoort aan die Here.

Daarop het die Here die vis beveel om Jona op die droë grond uit te spuug.

In hierdie gebed is daar ongelooflike emosie. Wat vreemd is omdat baie Bybelse karakters is baie eerlik en reguit, met geen gevoelens. Maar Jona bid hierdie gebed met gevoel, hy het eintlik sy emosies en gevoel gebed. In verse 2-9 hoor ons net van hoe by voel. Wat saam gaan met hoe Jesus gebed het, die trane het geloop toe hy sy gebed bid voor sy kruisiging. Gebed en emosie gaan saam, ons moet ons emosies ervaar wanneer ons bid.

Wat ons ook sien is dat die geveg tussen God en Jona aan Jona se kant begin het. Maar die vrede maak begin by God. Kom ons kyk wat leer hierdie gebed vir ons.

Wanneer Jona bid : Het hierdie beproewing en ellende tuisgekome by Jona en daarom bid hy. Hy leef, maar nie in goeie omstandighede nie. Dink julle Jona het maar net gebed omdat hy gedink het dis maar die enigste ding om te doen? Dink julle hy het gebed omdat hy eintlik maar net wou leef? Nee hy het God erken vir wie Hy is, en besef dat hy het nie reg gemaak nie. En net soos Jona, wanneer ons bid moet ons hart nederig, sag en ernstig wees. God verwag dit van ons. Ons moet soos Jona met Nederigheid en Goddelike opregtheid bid.

Waar het Jona gebed : Hy was wel in die vis se maag, en daarom kan ons weet dat ons enige plek kan en moet bid. Geen plek is verkeerd om te bid nie. In die maag van die vis het Jona sy tronk ervaar, net soos Petrus in die tronk gebed het. Dalk ervaar jy dat jy ook vasgevang is, dalk by die huis, of 'n ouetehuis, dat jy nie kan uitkom nie, of dat jy nie God meer ervaar daar waar jy nou is nie. Wel selfs hier het Jona vryheid tot God gehad. Uit die diepte van die see, bid Jona, en God hoor.

Tot wie bid Jona : Hy bid tot God. Eers vlug Jona van God en nou draai hy terug met gevoel en emosie. Hy noem God, God, maar ook 'My God'. Hy maak God persoonlik, want hy ken God persoonlik. Ons moet verstaan dat elke oortreeding van ons, ons nie weggooi uit die Verbond met God nie. Hierdie gebeurtenis van Jona, moedig ons aan wanneer ons afdwaal. In Jeremia 3:22 staan daar ' Kom terug kinders wat afgedwaal het, Ek wil 'n einde maak aan julle afdwaling.' Die omstandighede waarin ons onself bevind, kan lei tot afdwaal. Omdat ons nie God kan ervaar in die Kerk of by Gebedsgroepe nie, kan dit maak dat ons afdwaal. Daarom moet ons 'n Sondag ervaar soos 'n Sondag, en in die week waar jy sou gebedsgroep of Omgee groep toe sou gaan, moet jy by jou huis steeds dit doen.

Wat was hierdie gebed : Jona kyk terug na die werke van sy hart tot God toe hy in gevaar was en spanning ervaar het. Hy kyk na die konflik in sy hart tussen Geloof en betekenis, tussen Hoop en vrees.

Wat leer hierdie verhaal van Jona ons?

1. Jona bid met al die emosie en gevoel binne hom. Hy beskryf aan ons sy ellende. Jesus self het gebid met trane in sy oë, oor die beproewing wat op sy pad lê.
2. Ons moet met nederigheid en Goddelike opregtheid bid. God verwag van ons om hierdie Heilige oomblik waartydens jy met Hom praat, as Heilig te ervaar.
3. Ons weet dat ons enige plek kan bid, al voel ons in die diepte van die see, verlate, daar hoor God ons steeds.
4. Jona het 'n persoonlike verhouding met God gehad. Dit was nie net sommer 'n gebed met groot woorde nie, nee, dit was 'n persoonlike gesprek. En selfs al dwaal ons af, of vergeet van Hom, of selfs verloor belangstelling, breek dit nie ons verhouding met God nie, nee, ons kan altyd na Hom toe gaan.
5. Ons elkeen ervaar konflik in ons harte wanneer ons bid. Soms is die konflik tussen wat ons wil hê en wat reg is. Dalk is die dit wat ons voel ons nodig het, en wat God weet ons nodig het.

Gebed is 'n baie persoonlike gebeurtenis. Vir my self is dit wanneer ek voor God gaan sit, en vir Hom sê, Here hier is ek, ek is sondig, ek is selfsugtig, maar ek wil beter wees. Ek wil eg wees wanneer ek met God praat, ek wil "Geniune" wees. En wanneer ek so is, kan ek vra dat God my sal maak wie Hy my gemaak het om te wees.

Jona het dalk die verkeerde pad gekies, hy was selfsugtig en wou 'n sê hê in dinge waarin hy geen sê gehad het nie, maar tog het hy besef dat hy by God se voete kon gaan sit, en daar net kon gaan wees. Dit is belangrik om te weet tydens gebed kan jy net gaan wees, jy het nie woorde nodig nie, God ken jou hart, hy weet wat jy nodig het, Hy weet ook wat jou voute is. Jy kan by God se voete gaan sit, en net sy genade onverdiend ontvang.

Jona se lockdown was 3dae in 'n vis. Ons lockdown is bietjie langer, maar ons moet nie toelaat dat hierdie lockdown ons geloof laat verlore gaan nie. Jona se verhouding met God het sterker geword na die vis-lockdown. Waar is jou verhouding met God tydens hierdie lockdown? Word vanoggend weer stil, ervaar God deur die voëltjies wat sing, of die wind wat waai, die asem wat in jou liggaam ingaan, en besef Hy is in beheer. Amen.

Slotlied: Lied 528:1,3

Leer my u wil Heer, U doel met my

U , Potterbakker, met my die klei.

Vorm my en maak my volgens U wil

op U vertrou ek, nederig stil.

U gee U gawes net soos U wil,

Almal is diensbaar, elk met verskil.

Vul met u Gees my, breekbare kruik,

Dat U my oral nuttig gebruik.

Seengroet :Mag ons ons Grote God aanbid, mag ons Hom ervaar in die gesprekke met Hom, mag die genade van ons Here Jesus Christus en die liefde van God ons Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees by ons elkeen wees, Amen.